

7 Junie

Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:13-25

Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:17

Jy moet in eerbied vir God lewe

God het deur die wedergeboorte aan jou 'n nuwe lewe gegee (1 Petrus 1:3). Dít is God se genade en op dié genade moet jy jou hoop vestig (1 Petrus 1:13). Om jou hoop op God se genade te vestig, beteken onder andere om in eerbied vir Hom te lewe.

Een plek waar jy aan God eerbied moet betoon, is die erediens. Die eerbied wat jy vir God betoon, mag egter nie by die erediens eindig nie. Jy moet dit voortsit in die lewe van elke dag, ook Maandag tot Saterdag.

God is elke oomblik van elke dag by jou. Hoe nader jy aan God lewe, hoe meer sal jy van sy teenwoordigheid bewus wees en hoe meer eerbied sal jy aan Hom betoon. As God egter nie meer 'n realiteit in jou lewe is nie, sal jy nie eerbied aan Hom betoon nie.

Die feit dat God jou vrygespreek het, beteken nie dat jy geen ontsag meer vir Hom hoef te hê nie. Hy bly steeds die hoogste Regter van hemel en aarde en dáárvoor moet jy ontsag hê. Jy is nie met geld losgekoop uit jou sondige bestaan nie. Dit het die bloed van Christus gekos! Ook dáárvoor moet jy aan God eerbied betoon.

Jou eerbied vir God kan soms veroorsaak dat jy nie deur ander mense aanvaar word nie. Selfs dan moet jy nog steeds eerbied aan God betoon, want jy moet vir God meer ontsag hê as vir mense.

Sing: Psalm 66:1,2,7 Ds JL van der Schyff (Burgersdorp)